# 2017 VOORGRAADSE TOELATINGSVEREISTES

## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



# AFTIKLYS VIR AANSOEK DOEN

**1**

Kies ’n program by die Universiteit Stellenbosch – eerste keuse en tweede keuse.

Besoek www.maties.com en klik op “Wat kan ek studeer?”

**2**

Let op sluitingsdatums vir aansoeke.
31 Mei: MB,ChB-program
30 Junie: Alle ander programme en koshuisverblyf

**3**

Doen aansoek om toelating:
- Doen e-aansoek by www.maties.com.
- Of kry ’n papieraansoekvorm by 021 808 9111 of by info@sun.ac.za.

Besoek www.maties.com
Klik “Aansoek” en dan “Doen aanlyn aansoek”.

**4**

Maak seker jou aansoek is volledig en dat al die vereiste dokumente ons voor die sluitingsdatums bereik. Onvolledige aansoeke kan nie vir toelating oorweeg word nie. Laai bykomende dokumente af:

Besoek www.maties.com
Klik “Aansoek” en dan “Aansoekdokumente”.

**5**

Die Universiteit stel jou per e-pos in kennis dat jou aansoek ontvang is.
Jy ontvang jou studentenommer (gebruikersnaam) en wagwoord.

**6**

Gaan die volledigheid en stand van jou aansoek om toelating en huisvesting (indien van toepassing) na.

Besoek www.maties.com, klik op “Aansoek” en “Status van aansoek” en teken in met jou studentenommer en wagwoord.

**7**

Bespreek jou plek vir die Nasionale Normtoetse by www.nbt.co.za. Volg ’n maand na jy geskryf het op en maak seker jou uitslae is deur die Universiteit ontvang.

Besoek www.maties.com en klik op “Aansoek” en “Nasionale Normtoetse” en “My NNT-uitslae...”.

**8**

Woon ons Opedag by op die Stellenbosch- en Tygerbergkampusse op Saterdag, 27 Februarie 2016, van 9:00 tot 16:00.

**9**

Kom na ons groot Verwelkomingsweek begin 2017!

# ALGEMENE INLIGTING
## Meer inligting by www.maties.com

### KLIËNTEDIENSSENTRUM
**Tel:** 021 808 9111
**Faks:** 021 808 3822
**E-pos:** info@sun.ac.za

### VOLG ONS
**Facebook:** www.facebook.com/MatiesFanPage
**Twitter:** @FutureMaties
**Youtube:** www.youtube.com/user/StellenboschUni

### TOELATING TOT DIE UNIVERSITEIT
Die Universiteit kry heelwat meer aansoeke as waarvoor daar plek is. Al voldoen jy dus aan die minimum toelatingsvereistes van 'n program, is dit nie 'n waarborg dat jy in die program van jou keuse 'n plek gaan kry nie. Al die Universiteit se programme is keuringsprogramme en aansoekers word volgens die fakulteite se keuringsriglyne gekeur.

Wanneer jy aansoek om toelating tot die Universiteit doen, kry jy 'n unieke studentenommer. Noem dit asseblief in alle toekomstige kommunikasie met die Universiteit, wanneer jy vir beurse aansoek doen en ook wanneer jy registreer.

Maak seker dat jou aansoek volledig is en al die ondersteunende dokumente wat vereis word, ons voor die sluitingsdatums bereik, anders kan ons nie jou aansoek oorweeg vir toelating nie. Laai bykomende dokumente af by www.maties.com onder "Aansoek" en "Aansoekdokumente".

Volg die stand van jou aansoek om toelating tot die Universiteit op www.maties.com deur met jou gebruikersnaam (studentenommer) en wagwoord in te teken.

#### Sluitingsdatums vir aansoeke
- Program MB,ChB onder Geneeskunde en Gesonheidswetenskappe: 31 Mei
- Alle ander programme en koshuisverblyf: 30 Junie

#### Basiese toelatingsvereistes vir universiteitstudie
- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi met toelating tot baccalaureusgraadstudie, wat vereis dat minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van universiteitstoelatingsvakke behaal moet word
- Skryf die Nasionale Normtoetse (NNT's) volgens jou program se vereistes
  Let op dat wanneer jy aansoek doen vir 'n program in die fakulteite Regsgeleerdheid en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, die NNT's voor 30 Junie geskryf moet word om vir keuring in aanmerking te kom wanneer jy aansoek doen vir 'n program in die fakulteite Regsgeleerdheid en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.
- Kyk verdere spesifieke minimum toelatingsvereistes by die individuele programme
- Kyk ook die fakulteite se keuringsriglyne op www.maties.com

**Universiteitstoelatingsvakke:** Besigheidstudies, Dramatiese Kunste, Ekonomie, Fisiese Wetenskappe, Geografie, Geskiedenis, Inligtingstegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Landbouwetenskappe, Lewenswetenskappe, Musiek, Rekeningkunde, Religiestudies, Tale (een taal van leer en onderrig aan 'n hoëronderwysinstelling en twee ander erkende taalvakke), Verbruikerstudie, Visuele Kunste, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid.

#### Voorwaardelike toelating
Indien jy nog nie die finale NSS-eksamen geskryf het nie wanneer jy aansoek om toelating doen, gebruik die Universiteit jou graad 11-eindeksamenpunte om jou voorwaardelik tot 'n program toe te laat. Voorwaardelike toelating beteken dat jy toegelaat word op die voorwaarde dat jou finale NNS-uitslae voldoen aan die basiese toelatingsvereistes van die Universiteit én die minimum toelatingsvereistes van die program waarvoor jy aansoek doen. Eers dan kan die Universiteit jou toelating finaliseer.

Toelatingsvereistes volgens die ou matrikulasiekurrikulum tot 2007 is beskikbaar by die Kliëntedienssentrum – kontakbesonderhede hierbo.

### NASIONALE NORMTOETSE
- Die Nasionale Normtoetse (NNT's) (in Engels die *National Benchmark Tests*) is 'n assesseringsinstrument vir eerstejaaraansoekers in die hoër onderwys.
- Dit is verpligtend vir ALLE voornemende eerstejaarstudente aan die Universiteit Stellenbosch (US), ongeag die jaar waarin gematrikuleer is of die eksamenstelsel wat gevolg is, om die NNT's te skryf.
- Die NNT's assesseer 'n kandidaat se vermoë om sy/haar akademiese geletterdheid (taalvaardigheid), kwantitatiewe geletterdheid (syfervaardigheid) en wiskunde binne 'n tersiêre (hoër onderwys) konteks toe te pas.
- Die NNT's bestaan uit twee toetse. Die eerste toets assesseer akademiese geletterdheid en kwantitatiewe geletterdheid in een veelkeusetoets (AQL). Daar is sewe afdelings wat elk binne 'n vasgestelde tyd geskryf moet word. Die tweede toets assesseer wiskundevermoë (MAT), ook deur 'n veelkeusetoets met drie uur se skryftyd.

NNT-Navrae →

- Die NNT's word deur die *Alternative Admissions Research Project* by die Universiteit van Kaapstad bestuur. Meer inligting oor die NNT's is op hul webwerf beskikbaar.
- Dit is jou verantwoordelikheid om te kontroleer of jou NNT-uitslae wel op www.maties.com gelaai is (kyk onder "Aansoek" en "Nasionale Normtoetse" en "My NNT-uitslae..."). Indien jou uitslae nie gelaai is nie, stuur die volgende besonderhede na die US Kliëntedienssentrum: jou NNT-nommer, ID-nommer, US-studentenommer en amptelike NNT-uitslae.

**Vir navrae oor die skryf van NNT's en beskikbaarstelling van NNT-uitslae**

NNT Kliëntedienssentrum (Universiteit Kaapstad)
**Tel:** 021 650 3523
**Webwerf:** www.nbt.ac.za

**Vir navrae oor die gebruik van NNT-uitslae vir keuring en plasing aan die US**

Universiteit Stellenbosch Kliëntedienssentrum
**Tel:** 021 808 9111
**Webwerf:** www.maties.com
**E-pos:** info@sun.ac.za

## TAAL AAN DIE UNIVERSITEIT

Taal word aan die Universiteit gebruik op 'n wyse wat gerig is op die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en om gelyke toegang tot leer- en onderriggeleenthede vir alle Suid-Afrikaners te verseker. Afrikaans en Engels het gelyke status as tale van toegang tot die Universiteit Stellenbosch se kennisbasis. Die Universiteit is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal. Terselfdertyd word die onderrig-aanbod van Engels verhoog om optimale leer moontlik te maak vir studente wat nie akademies geletterd in Afrikaans is nie. Hierbenewens maak die Universiteit voorsiening vir die ontwikkeling van vakterminologie en kommunikasievaardighede in isiXhosa, en vir isiXhosa-onderrig in sommige akademiese programme aan studente wat dit nodig sal hê in hul beroepe.

Vele van ons modules word reeds deur parallel-medium-onderrig en intydse tolking in Afrikaans én Engels aangebied. Die onderrigtaal van elke module word in die betrokke fakulteit se jaarboek aangedui. Die jaarboeke en meer inligting oor taal aan die Universiteit is beskikbaar op die webwerf www.maties.com. Ondersteuning met die bemeestering van akademiese taalvaardigheid in Afrikaans én Engels word voorsien.

**Parallelmedium:** 'n Klas word verdeel en leer word afsondelik in aparte Afrikaanse en Engelse strome gefasiliteer.

**Tolking:** Intydse tolking kan tydens voorlesings na Afrikaans of Engels plaasvind na gelang van die doseertaal.

**Tweetalig:** Leer word met 'n kombinasie van Afrikaans (nagenoeg 50%) en Engels (nagenoeg 50%) in dieselfde klasgroep gefasiliteer, met aanvullende tutoriaalsessies in albei tale om enige begripsgapings te dek.

## BEURSE EN LENINGS

Die Universiteit Stellenbosch bied 'n verskeidenheid beurse aan in twee hoofkategorieë.

1. Outomatiese toekenning: Merietebeurse (op grond van graad 12-uitslae)
2. Toekenning gebaseer op aansoek:

- Sportbeurse (navrae: Maties Sport 021 808 4642)
- Beurse vir studie in spesifieke fakulteite of departemente
- Algemene beurse vir studie aan meeste fakulteite
- Finansiële hulp vir behoeftige studente

### Sluitingsdatums vir beursaansoeke

Doen aanlyn aansoek met jou studentenommer by www.maties.com.

- 31 Augustus vir alle beurse en beurslenings deur die Universiteit geadministreer.
- Die sluitingsdatum vir beurse van privaat maatskappye wissel. Kyk Jaarboek Deel 2

## GELDE

### Aansoekgeld

**Elektroniese aansoeke:** Betaal die aansoekgeld terselfdertyd elektronies.
**Papieraansoekvorm:** Die aansoekgeld kan die vorm per tjek of posorder vergesel, of per depositostrokie (EFT).

### Eerste paaiemente betaalbaar op dag van registrasie

(Hierdie bedrae geld vir 2016.)

| | |
|---|---|
| - Onderriggeld (graadprogramme) | R11 560 |
| - Onderriggeld (sertifikate en diplomas) | R7 665 |
| - Koshuisgeld | R9 625 |

### Hoe om te betaal

Die Universiteit aanvaar verskeie maniere van betaal: aanlyn met 'n kredietkaart (kyk www.maties.com onder "Gelde" vir betaalwyses), kontant, gekruiste tjeks uitgemaak aan die Universiteit Stellenbosch, elektroniese inbetalings, direkte inbetalings by die bank, debietkaarte, gekruiste posorders en debietorders (debietordervorm verkrygbaar by bogenoemde webadres of by Sean Davidse by 021 808 3530).

### Bankbesonderhede

Standard Bank
Takkode 050610
Rekeningnr. 063163225
SWIFT-kode (slegs vir betalings vanuit die buiteland) SBZAZAJJ
Gee jou studentenommer as verwysing.
E-pos die depositostrokie na studentegelde@sun.ac.za of faks dit na Arlene Amerika by 021 808 3739.

## Betaal die balans van die rekening, na die eerste paaiement by registrasie só:

1. Volgens die debietorderstelsel in agt gelyke paaiemente (die eerste daarvan op 1 April).
2. Of in twee paaiemente voor of op 31 Mei en 30 September.

## Benaderde studiegeld vir 2016

Hierdie is benaderde syfers vir volle programme in 2016 om darem 'n aanduiding te gee van wat die studiegeld in 2017 ongeveer kan beloop. Studiegeld het vanjaar nie gestyg nie, maar kan gemiddeld tussen 10 en 15% styg. Mettertyd kan die koste van 'n spesifieke program vir 2017 by www.maties.com onder "Gelde" en "Voorlopige verklaring van gelde (kwotasie)" aangevra word.

| | |
|---|---|
| BA (Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte) | R33 234 |
| BA in Regsgeleerdheid | R39 265 |
| BMus (Baccalaureus in Musiek) | R35 546 |
| BA in Drama- en Teaterstudie | R31 644 |
| BA in Visuele Kunste | R32 124 |
| LLB (B in Regsgeleerdheid – vierjarig) | R39 106 |
| BSc (Baccalaureus in die Natuurwetenskappe) | R40 680 |
| BSc in Bosbou en Houtwetenskappe | R37 510 |
| BScAgric (Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Landbou) | R37 430 |
| BSc in Voedselwetenskap | R38 885 |
| BCom (Baccalaureus in die Handelswetenskappe) | R33 106 |
| BCom in Regsgeleerdheid | R40 742 |
| BCom in Aktuariële Wetenskap | R47 428 |
| BRek (Baccalaureus in Rekeningkunde) | R37 687 |
| BRekLLB | R42 664 |
| BIng (Baccalaureus in die Ingenieurswese) | R45 073 |
| BEd in Algemene Onderwys | R31 748 |
| BTh (Baccalaureus in Teologie) | R33 323 |
| BDiv (Baccalaureus Divinitatis) | R36 027 |
| MB,ChB (Medies) | R51 120 |
| B in Arbeidsterapie | R38 854 |
| B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie | R36 869 |
| BSc in Fisioterapie | R39 228 |
| BSc in Dieetkunde | R40 512 |

# VERBLYF

## Koshuisverblyf

### Doen só aansoek

- Dieselfde voorgeskrewe vorm waarmee jy aansoek om toelating tot die Universiteit Stellenbosch doen, word gebruik vir aansoeke om koshuisverblyf.
- Koshuisplek is beperk en onderworpe aan 'n keuringsproses. Die Universiteit ontvang gewoonlik baie meer aansoeke as wat daar plek beskikbaar is. Daarom kan ons ongelukkig nie waarborg dat jy 'n plek in die koshuis of in die koshuis van jou keuse sal kry nie.
- Om vir 'n koshuisplek oorweeg te word, moet jy eers toelating tot 'n program aan die Universiteit ontvang. Indien jou eerste studiekeuse onderworpe is aan uitgebreide keuring (soos 'n program in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), kan jy ook 'n tweede studiekeuse aandui. Só verseker jy dat jy steeds vir koshuisplek oorweeg word, selfs al word jy nie vir jou eerste studiekeuse aanvaar nie.
- Die koshuisplasingsprosedure sal teen 30 Oktober afgehandel wees. Teen hierdie tyd behoort jy te weet of jy 'n plek in die koshuis gekry het. Indien jou aansoek onsuksesvol was, sal ons dit ná 30 Oktober bevestig.
- Indien jy in 'n koshuis geplaas word, sal daar ongelukkig geen verskuiwings tussen koshuise toegelaat word nie.
- Om te kyk of jy suksesvol met jou aansoek was, besoek www.maties.com en kies "Aansoek" en "Status van aansoek"

## Só ken ons losies toe

Die Universiteit ken koshuisplekke in verskeie rondes toe volgens akademiese meriete en diversiteit soos uiteengesit in ons koshuisplasingsbeleid (kyk ons webwerf). Uitnemendheid versterk deur diversiteit is 'n belangrike beginsel in die Universiteit se koshuisplasingsbeleid, en albei word deurentyd saam met al die ander bepalings oorweeg. Die Universiteit glo dat diversiteit 'n belangrike bydrae lewer om sy studente uitnemend te maak.

*Diversiteitsfaktore:* (1) studente se burgerskap – Suid-Afrikaans of buitelands; (2) studente se voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of ander); (3) studente se etnisiteit (bruin, swart, Indiër of wit); (4) of studente eerste- of nie-eerstegenerasiestudente is, en (5) studente se ekonomiese klas (studente wat finansieel vermoënd is en dié wat op grond van 'n middeletoets vir ondersteuningsbeurse in aanmerking kom).

In die eerste plasingsronde is akademiese meriete die hoofoorweging. In die tweede plasingsronde word gepoog om die beoogde diversiteitsprofiel te realiseer terwyl akademiese meriete steeds in ag geneem word.

## Wat losies min of meer kos

Benaderde syfers vir 2016 hieronder genoem, kan jou 'n idee gee van 2017 se dubbelkamertariewe per jaar. Losiesgeld styg elke jaar met omtrent 10%. Hou ons webwerf dop vir 2017 se amptelike pryse.

Vroue R32 370
Mans R33 050

**Maaltye:** Daar is verskillende opsies (bv. drie etes per dag, sewe dae per week kos R15 000 per jaar).

## Privaat verblyf

Studente wat nie op die kampus in 'n koshuis woon nie, is deel van die Privaatstudenteorganisasie (PSO) en word in een van sy tien wyke ingedeel. Die PSO-wyke word saam met koshuise in ses groepe (klusters) georganiseer. Vir elkeen van hierdie klusters word 'n gebou opgerig, 'n naaf (hub), wat 'n tuiste sal wees juis vir dagstudente waar hulle nou ook die voordele van die koshuislewe kan geniet, soos ondersteuning deur mentors en die beskikbaarheid van netwerkpunte vir rekenaartoeggang tot die Universiteit se netwerk, sy elektroniese hulpbronne en die internet. Die klusternawe Wimbledon en amaMaties is reeds voltooi.

Studente in die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe val in die Osler Tygerberg-wyk. Studente op die Stellenbosch-kampus kan 'n brief of 'n SMS van hul PSO-wyk verwag wat hul indeling bevestig, of hulle kan op www.maties.com gaan seker maak hiervan.

## AKADEMIESE STEUN

### Verlengde graadprogramme

Die verlengde graadprogramme (VGP's) is volwaardige graadprogramme wat alternatiewe akademiese roetes vir studente bied om suksesvol te studeer. VGP's word in die volgende fakulteite aangebied: AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe en Teologie. Toelating tot die VGP's verskil van fakulteit tot fakulteit. Meestal is dit aansoekers wie se Matriekuitslae net-net nie aan die toelatingsvereistes of keuringskriteria voldoen nie. Sosio-ekonomies benadeelde kandidate kry voorkeur.

**Webwerf:** www.sun.ac.za/ctl/af/vir-fakulteite-2/verlengde-graadprogramme/

### SciMathUS-oorbruggingsprogram

SciMathUS, 'n jaar lange oorbruggingsprogram, bied aan opvoedkundig benadeelde leerders wat nie aan die toelatingsvereistes van universiteitsprogramme voldoen nie, 'n tweede kans. Jy kies tussen 'n Wetenskap- en 'n Rekeningkunde-stroom. Jy doen ook Inleiding tot Universiteitswiskunde en leer ekstra vaardighede aan om jou te help om suksesvol op universiteit te studeer. 'n Mens herskryf dan NSS Wiskunde en Fisiese Wetenskappe. Rekeningkunde en Inleiding tot Ekonomie word deur die universiteit geassesseer. Met verbeterde punte kan jy nou weer aansoek doen vir toelating tot hoër onderwys.

Die program ondersteun die Universiteit se diversiteitsdoelwit en word hoofsaaklik deur die privaat sektor befonds. Besoek ons webwerf of facebook-blad vir programinligting, toelatingsvereistes en die sluitingsdatum vir aansoeke.

**SciMathUS-navrae:** Adele Pool 021 808 3032; Noni Kulati 021 808 2301
**E-pos:** bridging@sun.ac.za
**Webwerf:** www.suncep.sun.ac.za/UPP/SciMathUS/scimathus_index.html
**Facebook:** www.facebook.com/SciMathUS

## SENTRUM VIR STUDENTEWERWING EN LOOPBAANADVIES

Daar is só 'n groot verskeidenheid studieprogramme om van te kies, dat dit 'n mens behoorlik kan oorweldig wanneer jy besluite oor jou loopbaan moet neem. Ons deure by Victoriastraat 45 staan oop vir voornemende studente en hul ouers. Kom klop gerus aan indien jy raad nodig het!

### Adviseursdienste

Voornemende studente en hul ouers kan 'n afspraak maak vir 'n kampusbesoek (gespreksessie en kampustoer) met een van ons adviseurs oor die studieprogramme wat spesifiek by die Universiteit aangebied word.

### Loopbaanadvies

Is jy onseker oor watter skoolvakke, studieprogram of loopbaan om te kies? Maak gerus 'n afspraak met een van ons sielkundiges vir 'n vakkeuse- of loopbaanassessering. By die Sentrum bied geregistreerde professionele sielkundiges loopbaanvoorligting aan om leerders te ondersteun om 'n ingeligte loopbaankeuse te maak.

Die diens bestaan uit:
• Vakkeusevoorligting vir graad 9-leerders
• Loopbaanvoorligting vir graad 11- en 12-leerders
* Albei sluit psigometriese assessering en 'n individuele terugvoersessie in.

### Besprekings

Druk *120*1536# op jou selfoon en volg die instruksies.

Steeds onseker oor watter loopbaan om te kies? Maak gebruik van ons gratis loopbaanassessering- en vakkeusehulpmiddels by www.gostudy.net/maties.

Ons gewilde **Opedag** vind vanjaar op **Saterdag**, **27 Februarie 2016** plaas.

### Navrae:

**Tel:** 021 808 4704 / 4709
**Faks:** 021 808 4708
**E-pos:** maties@sun.ac.za
**Webwerf:** www.maties.com

## VERWELKOMINGSPROGRAM

Nadat jy voorwaardelik toegelaat is tot die studieprogram waarvoor jy aansoek gedoen het, sal die Universiteit vir jou besonderhede stuur oor hoe om as student te registreer en wanneer jy op Stellenbosch moet aanmeld vir die Verwelkomingsprogram (verpligtend). Hierdie inligting word van November af op ons webwerf beskikbaar gestel.

## VRYWARING

*Die Universiteit het die reg om die inligting in hierdie brosjure deurlopend en soos nodig aan te pas. Dié inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die inligting word hier so akkuraat en uitvoerig gegee as wat na ons beste wete teen druktyd in Desember 2015 moontlik was. Dit bly die voornemende student se verantwoordelikheid om die gegewe inligting te bevestig. Die nuutste inligting is beskikbaar op www.maties.com en by die telefoonnommers in hierdie brosjure.*

## AFKORTINGS

NSS = Nasionale Senior Sertifikaat
NNT's = Nasionale Normtoetse
VGP's = verlengde graadprogramme

# FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE

**Onderrigtaal:** Heelwat modules word in Afrikaans én Engels aangebied; enkeles in net Afrikaans of net Engels.
**Toelating en keuring:** Aansoekers wat aan die minimum vereistes vir 'n program voldoen, word volgens die Fakulteit se keuringsriglyne op www.maties.com gekeur.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BEWARINGSEKOLOGIE EN ENTOMOLOGIE**<br>**BSc in Bewaringsekologie**<br>4 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddeldevan minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50% | Loopbane in omgewingsimpak-assessering en -monitering, restourasie-ekologie, bewaringsbiologie, wildplaasbestuur, ekotoerisme, volhoubare landbou, bosbou en organiese plantbestuur, gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbestuur en navorsing in bewaringsbiologie. |
| **BOSBOU- EN HOUTWETENSKAPPE**<br>**BSc in Bosbou (BScBosb)**<br>4 jaar<br><br>Rigtings:<br>- Bosbou- en Natuurlike Hulpbronwetenskappe<br>- Hout- en Houtprodukkunde | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br><br>*Vir die rigting Bosbou- en Natuurlike Hulpbronwetenskappe ook:*<br>• Wiskunde 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%<br><br>*Vir die rigting Hout- en Houtprodukkunde ook:*<br>• Wiskunde 70%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 60% | ***Bosbou- en Hulpbronwetenskappe:*** Werk as bosboukundige houtkweker, omgewingsbeplanner, bosbounavorser, ondernemer, voorligter of konsultant, logistiese bestuurder, boomteler, adviseur vir landelike ontwikkeling en entrepreneur.<br><br>***Hout en Houtprodukkunde:*** Werk as houtprodukkundige, bestuurder in vervaardigingsaanleg vir houtprodukte, produkontwikkelingsbestuurder, kwaliteitskontroleerder, konsultant en navorser. |
| **DIEREPRODUKSIESTELSELS**<br>**BScAgric in Diereproduksiestelsels**<br>4 jaar<br><br>Rigtings:<br>- Veekunde (Hoofrigting)<br>- Veekunde met Agronomie<br>- Veekunde met Akwakultuur<br>- Veekunde met Bewaringsekologie<br>- Landbou-ekonomie met Veekunde | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50% | Konsultant, entrepreneur, bestuurder, tegnikus, voorligter of produksiebestuurder in veekunde- en veekundeverwante bedrywe (bv. dierevoeding, vleiskunde, dierefisiologie, diere-reproduksie en diereteling), of in die akwakultuurbedryf, veeboer en selfs wildboer. |

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **LANDBOU-EKONOMIE EN -BESTUUR**<br>**BAgricAdmin in Landbou-ekonomie en -bestuur**<br>3 jaar<br><br>Rigting:<br>- Agri-ondernemingsbestuur<br><br>**BScAgric in Landbou-Ekonomie en -bestuur**<br>4 jaar<br><br>Rigtings:<br>- Landbou-ekonomiese Analise<br>- Landbou-ekonomiese Analise en -bestuur<br>- Voedselverwerkingsbestuur | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50% | ***BAgricAdmin:*** Bestuurder by landbou en landbou-verwante ondernemings (agri-ondernemings) wat op gewasproduksie of diereproduksie gerig is. Landbou-ekonoom by finansiële instelling (lewensvatbaarheidstudies en kontantvloeibeplanning).<br><br>***BScAgric:*** Navorsers in makro-ekonomiese ontleding (impakbepaling en ontwerp van landbou- en voedselbeleid); landbou-ekonome by finansiële instellings of bemarkingsorganisasies (waardasies, risiko-ontledings, sakeplanne, kontantvloei); bestuurders en spesialiste by organisasies in die openbare sektor of by internasionale organisasies in ekonomiese ontwikkeling (bv. die Wêreldbank). Bestuurder van voedselverwerkings-onderneming. |
| **LANDBOUPRODUKSIE EN -BESTUUR**<br>**BAgric in Landbouproduksie en -bestuur: Elsenburg**<br>3 jaar<br><br>Rigtings (kies twee):<br>- Agronomie en weiding<br>- Diereproduksie<br>- Groenteverbouing<br>- Kelderbestuur<br>- Keldertegnologie<br>- Pomologie<br>- Voorligting<br>- Wingerd- en wynkunde | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50% OF Lewenswetenskappe 50% OF Landbouwetenskappe 50% | Algemene boerderybestuurder, landbouproduksiebestuurder, wynmaker, kelderbestuurder, voorligter, beroepe in agritoerisme, navorsing, onderwys en opleiding in jou gekose studierigtings.<br>Meer inligting oor die program by 021 808 5451. |
| **PLANT- EN GRONDWETEN-SKAPPE**<br>**BScAgric in Plant- en Grondwetenskappe**<br>4 jaar<br><br>Rigtings:<br>- Gewasproduksiestelsels<br>- Gewasbeskerming en -teling<br>- Grond- en Waterbestuur (met Grondkunde en Chemie as hoofvakke) | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%<br><br>*Vir die rigting Grond- en Waterbestuur soos bo, MAAR:*<br>• Wiskunde 70% | Beroepe in gewasproduksie (akkerbou, sagtevrugte, sitrus, fynbos, wingerd en kweekhuis), gewasbeskerming, genetiese gewasverbetering en grond- en waterbestuur. 'n Verskeidenheid loopbane in die landboubedryf of in die landbouverwante bedrywe, soos konsultant, entrepreneur, bestuurder, voorligter, tegnikus of navorser. |

<table>
<tr><th>Programme</th><th>Minimum toelatingsvereistes</th><th>Beroepsmoontlikhede</th></tr>
<tr><td>VOEDSELRODUKSIESTELSELS<br>BSc in Voedselwetenskap<br>4 jaar</td><td>• Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%</td><td>Voedselwetenskaplikes word onder meer in diens geneem om kwaliteitsversekering, produkontwikkeling, navorsing, tegniese ondersteuning, verkope, aankope en produksiebestuur in die voedselbedryf te doen.</td></tr>
<tr><td>WYNPRODUKSIESTELSELS<br>BScAgric in Wingerd- en Wynkunde of in Wynkunde (Spes)<br>4 jaar<br><br>Rigtings:<br>- Wingerd- en Wynkunde (Algemeen)<br>- Wynkunde (Gespesialiseerd)</td><td>• Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 60%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 50%</td><td>Wynmaker, wingerdkundige, navorser, produksiebestuurder, bemarker, tegnikus, konsultant of entrepreneur in wynverwante bedrywe.</td></tr>
<tr><td>VERLENGDE GRAADPROGRAMME<br>1 bykomende studiejaar<br><br>Met die uitsondering van BAgric in Landbouproduksie en -bestuur (Elsenburg) word al die bogenoemde programme ook as verlengde programme aangebied.</td><td>• NNT tussen 33% en 47%<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60%<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde tussen 55% en 59,9%<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) tussen 45% en 49,9%<br><br>Vir die rigting Grond- en Waterbestuur, soos bo MAAR:<br>• Wiskunde tussen 60% en 69,9%<br><br>Vir die rigting Hout- en Houtprodukkunde, soos bo MAAR:<br>• Wiskunde tussen 60% en 69,9% EN<br>• Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 55% en 59,9%</td><td>Beroepsmoontlikhede soos vir elke program hierbo genoem.</td></tr>
</table>

# FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

**Onderrigtaal**

Die program B in Rekeningkunde (BRek) word van die eerste tot die finale jaar in twee aparte strome in beide Afrikaans en Engels aangebied (parallelmediumonderrig). Die eerste jaar van al ons ander programme word in Afrikaans én in Engels aangebied (parallelmediumonderrig). In die tweede en derde jaar kan die taal van onderrig een, of ’n kombinasie, van die volgende insluit: parallelmedium, tweetalig (wanneer modules in ander fakulteite geneem word) en opvoedkundige tolking na òf Afrikaans òf Engels (kyk “Taal aan die Universiteit”op bladsy 2).

**Keuring**

Aansoekers moet in die eerste plek voldoen aan die toelatingsvereistes van die program waarvoor hulle aansoek doen. Volgens die Fakulteit se keuringsriglyne (kyk www.maties.com) word jou aansoek oorweeg gebaseer op jou keuringspunt, jou graad 11-punte (of dié van graad 12 indien jy reeds matrikuleer het) en of daar plek in die program beskikbaar is. Hierdie reëling sluit BRekLLB en BCom (Regsgeleerdheid) uit.

**Keuringspunt:** (2 × Wiskundegemiddelde + 5 ander vakke se gemiddeldes, uitgesluit Lewensoriëntering) ÷ 7

Let wel: Waar aansoekers meer as ses skoolvakke uit die lys van universiteitstoelatingsvakke (bladsy1) aanbied, word die vyf hoogste gemiddeldes gebruik vir die “ander vakke”. Vir aansoekers wat minder as ses universiteitstoelatingsvakke aanbied, word die volgende formule gebruik:

(2 × Wiskundegemiddelde + 3 ander vakke se gemiddeldes) ÷ 5

## GRAADPROGRAMME MET ’N REGSFOKUS

Vir toelatingsvereistes, keuring en beroepsmoontlikhede, kyk by die Fakulteit Regsgeleerdheid verderaan:
BCom (Regsgeleerdheid)
BRekLLB

## BREË GRAADPROGRAMME MET VERSKEIE BEROEPSFOKUSSE

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BCom**<br>3 jaar<br><br>Jy bou jou eie kurrikulum op uit ’n wye verskeidenheid vakke, waarvan een uit die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe mag wees. | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%<br><br>*Indien jy Wiskunde en/of Rekenaarwetenskap as universiteitsvakke wil neem:*<br>• Wiskunde 70% | ’n Kundige wat in die privaat en die owerheidsektore waarde kan toevoeg op die terreine van ekonomiese denke en die bestuur van ondernemings en van openbare instansies, insluitend finansiële bestuur en menslikehulpbronbestuur. |
| **BCom (Bestuurswetenskappe)**<br>3 jaar<br><br>Fokusareas<br>(kies in tweede jaar):<br>- Bemarkingsbestuur<br>- Entrepreneurskap en Innovasie<br>- Finansiële Bestuur<br>- Informasiestelselbestuur<br>- Kwantitatiewe Bestuur<br>- Landbou-ekonomie<br>- Logistieke Bestuur<br>- Menslikehulpbronbestuur<br>- Openbare en Ontwikkelingsbestuur<br><br>Hierdie program is beskikbaar as ’n verlengde graadprogram (VGP), wat een ekstra jaar van studie beteken. ’n Mens kan nie vir die VGP aansoek doen nie; kandidate word uit aansoekers vir die BCom (Bestuurswetenskappe) geselekteer. | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | ***Bemarkingsbestuur:*** Bemarkers fokus op produkbesluite, prysbepaling, verspreiding van produkte/dienste en die bekendstelling daarvan. Moontlike loopbane: bemarkingsbestuurder, verkoopsbestuurder, kliëntebestuurder en reklamebestuurder.<br>***Entrepreneurskap en Innovasie:*** Dit stel jou in staat om eie werksgeleenthede te skep en ook om ’n kreatiewe bydrae tot ander ondernemings te maak.<br>***Finansiële Bestuur:*** Of jy ’n eie onderneming oorweeg of vir ’n groot maatskappy wil werk, ’n goeie kennis van finansiële bestuur is noodsaaklik vir sukses. Loopbane is beleggingsanalis, finansiële bestuurder of finansiële adviseur.<br>***Informasiestelselbestuur:*** Kennistegnologie word met die bedryf van ’n onderneming geïntegreer om aan die eise van produktiwiteit, effektiwiteit en (soms) innovasie te voldoen.<br>***Kwantitatiewe Bestuur:*** Ná voldoende praktykervaring kan jy bedryfsfunksies en -prosesse in ondernemings op strategiese, taktiese en operasionele vlak ontleed en bestuur.<br>***Landbou-ekonomie:*** Werksgeleenthede sluit in entrepreneurskap, algemene bestuur, finansiële bestuur en logistieke bestuur by die lewering van landbou-insette en -dienste, die verwerking en verspreiding van landbouprodukte en by landboufinansiering.<br>***Logistieke Bestuur:*** ’n Logistieke bestuurder beplan die vloei en opberging van goedere, dienste en verwante inligting vanaf die plek van oorsprong tot by die plek van verbruik. |

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| | | ***Menslikehulpbronbestuur:*** Kan lei tot niestatutêre registrasie as ‘Human Resource Practitioner’ by die *South African Board for People Practices*. Moontlike loopbane is menslikehulpbronbestuurder, marknavorser, opleidingsbestuurder, konsultant en arbeidsverhoudingebestuurder. Vir statutêre registrasie as Psigometris of Bedryfsielkundige kyk BCom (Bedryfsielkunde) verderaan.<br>***Openbare en Ontwikkelingsbestuur:*** Bestuursberoepe in die openbare, vrywillige en ontwikkelingsektor soos algemene, strategiese, finansiële, personeel-, projek- of programbestuurder. Ontwikkelingsbeplanner; gemeenskapsontwikkelaar of ’n spesialis in beleids- en bestuursnavorsing. |
| **BCom (Ekonomiese Wetenskappe)**<br>3 jaar<br><br>Fokusareas<br>(kies in tweede jaar):<br>- Ekonomie (Ekonometrici)<br>- Ekonomie (Ekonomiese en Bestuurskonsultante)<br>- Ekonomie (Finansiële Sektor)<br>- Vervoerekonomie | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%<br><br>*Indien jy Wiskunde en/ of Rekenaarwetenskap as universiteitsvakke wil neem:*<br>• Wiskunde 70% | ***Ekonomie:*** ’n Loopbaan in die finansiële sektor as ekonomiese of finansiële analis, ekonomiese of bestuurskonsultant. Graduandi met ’n sterk kwantitatiewe agtergrond (d.w.s. ’n opleiding in wiskunde en statistiek saam met ekonomie) en aanvoeling kan as ekonometrici in die finansiële sektor, openbare sektor of by ’n navorsingsinstansie werk.<br>***Vervoerekonomie:*** Vervoerekonome beplan en bestuur vervoerinfrastruktuur, formulering van vervoerbeleid en beheer van vervoerstelsels vir owerhede en vervoerondernemings. |
| **BCom (Wiskundige Wetenskappe)**<br>3 jaar<br><br>Fokusareas<br>(kies in tweede jaar):<br>- Finansiële risikobestuur<br>- Operasionele Navorsing<br>- Rekenaarwetenskap<br>- Wiskundige Statistiek | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 70%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | ***Finansiële Risikobestuur:*** Persone met opleiding in finansiële risikobestuur, wiskundige statistiek en finansiële wiskunde kan by groot finansiële instellings werk as finansiële kwantitatiewe analiste soos finansiële risikobestuurders, portefeuljebestuurders en finansiële-instrumenthandelaars.<br>***Operasionele Navorsing:*** ’n Operasionele navorser los praktiese probleme vir ondernemings op deur wiskundige modelle te soek wat die beste moontlike antwoorde bied vir komplekse situasies in fabrieke, sakeondernemings, banke en die mynbou- en landbousektore.<br>***Rekenaarwetenskap:*** Die breë kennis van rekenaarwetenskap en die besigheidswêreld wat jy opdoen, sal jou in staat stel om suksesvol ’n beroep in enige omgewing as programmeerder te aanvaar.<br>***Wiskundige Statistiek:*** Wiskundig-statistiese teorie, prosedures en gepaardgaande rekenaarvaardighede is in aanvraag in die nasionale en internasionale korporatiewe sake-, navorsings- en owerheidsektore. Statistikus, data-ontginner, databestuurder en statistiese analis in bemarkings-, inligtings- en bestuursafdelings. |

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BCom (Internasionale Besigheid)**<br>4 jaar<br><br>Die derde jaar sluit 6 maande uitruil by ’n internasionale vennootuniversiteit in. Onderrigtaal is Engels | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 70%<br>• Engels Huistaal 60% OF Engels Eerste Addisionele Taal 70% | Interaksie met internasionale studente en die globale mark berei jou voor vir ’n rol in internasionale maatskappye as bemarkingsbestuurder, finansiële bestuurder, entrepreneur of innovasiebestuurder van ’n internasionale maatskappy |

## GRAADPROGRAMME VIR PROFESSIONELE REGISTRASIE

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BCom (Aktuariële Wetenskap)**<br>3 jaar | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 70% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 80%<br>• Engels Huistaal 60% EN enige Eerste Addisionele Taal 60%* OF<br>• Ander Huistaal (buiten Engels) 60% EN Engels Eerste Addisionele Taal 70%*<br>*Vereistes het verander en verskil van die gedrukte brosjure s’n. | Om as Aktuaris te kwalifiseer (*Fellow of the Actuarial Society of South Africa*) moet jy al vyftien eksamens van die beroepsliggaam slaag en ook gepaste werksondervinding opdoen. Suksesvolle studie by ’n universiteit kan lei tot vrystelling van verskeie eksamens. |
| **BRek**<br>3 jaar<br><br>Parallelmediumonderrig in al drie jaar. | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 70% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 70% OF Wiskunde 60% én Rekeningkunde 70%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | Jy verkry die professionele kwalifikasie van Geoktrooieerde Rekenmeester as jy die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) en/of die *Independent Regulatory Board for Auditors* (IRBA) slaag. ’n Geoktrooieerde rekenmeester kan as ouditeur werk vir ’n ouditeursfirma. Hierdie beroep word statutêr beskerm. Ander beroepe in finansiële bestuur, bestuursrekeningkunde of belastingkonsultasie kan ook oorweeg word. |
| **BCom (Bestuursrekeningkunde)**<br>3 jaar | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | Om die internasionaal erkende rekeningkundige kwalifikasie van Geoktrooieerde Bestuursrekenmeester te verkry, moet jy in die eksamens van die Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters (CIMA, Londen) slaag. Bestuursrekenmeesters gebruik finansiële vaardighede en interpreteer en gebruik finansiële inligting in die bestuur van ’n onderneming. |
| **BCom (Finansiële Rekeningkunde)**<br>3 jaar | • Skryf die NNT’s AQL en MAT<br>• ’n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | Om die internasionaal erkende professionele kwalifikasie van Geoktrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeester te verkry, moet jy in die eksamens van die Geoktrooieerde Assosiasie van Gesertifiseerde Rekenmeesters (ACCA, Londen) slaag.<br>Gesertifiseerde rekenmeesters berei finansiële state voor, doen interne ouditering en verskaf belasting- en besigheidsadvies. |

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BCom (Bedryfsielkunde)**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | Statutêre registrasie as Psigometris by die *Health Professions Council of South Africa* (HPCSA) word verkry deur die BCom (Bedryfsielkunde) en die HonsBCom (Bedryfsielkunde) te voltooi, 'n internskap van 6 maande te doen en 'n professionele raadseksamen te slaag. Statutêre registrasie as Bedryfsielkundige by die HPCSA word verkry na die MCom (Bedryfsielkunde)-program, 'n internskap van 12 maande en die slaag van die professionele raadseksamen. |
| **BCom (fokusarea Beleggingsbestuur)**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | Die leerplan is gebaseer op dié van die internasionaal gesogte 'Chartered Financial Analyst'. Moontlike loopbane sluit in beleggingsanalis, portefeuljebestuurder, aandelemakelaar en -handelaar. |
| **BCom (fokusarea Finansiële Beplanning)**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 60%<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 50%<br>• Engels OF Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60% | Beroep as finansiële adviseur in jou eie onderneming of die bankwese, versekerings- en ander bedrywe. Vir die internasionaal erkende kwalifikasie 'Certified Financial Planner' (CFP) volg op met die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning en skryf die toelatingseksamen. |

# FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

**Onderrigtaal:** Tweetalig in Afrikaans en Engels. Kyk bl. 2.
**Keuring:** Aansoekers moet in die eerste plek voldoen aan die toelatingsvereistes van die program waarvoor hulle aansoek doen. Aansoekers word dan vir hierdie programme gekeur op grond van hul akademiese skoolprestasie (45% van die keuringspunt), prestasie in die NNT's (30% van die keuringspunt) en nieakademiese prestasies op hoërskool (graad 10–12) op gebiede soos leierskap, sport, kultuurbedrywighede, gemeenskapsdiens en veeltaligheid (25% van die keuringspunt). Kyk die Fakulteit se keuringsriglyne by www.maties.com onder "Toelating" en kry die vereiste bykomende vorms vir elke program onder "Wat kan ek studeer?" en "Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe". Aansoeke vir MB,ChB sluit 31 Mei en vir ons ander programme 30 Junie.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **MB,ChB**<br>6 jaar<br><br>±250 kandidate word gekeur (kandidate vir verlengde graadprogram uitgesluit). Lewer *Nieakademiesemerietevorm* met aansoek teen 31 Mei in. Word ook as 'n verlengde graadprogram aangebied (kyk bl. 4). | • Skryf die NNT's AQL en MAT teen einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 70%<br>• Wiskunde 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br>• Lewenswetenskappe 50%<br>• Sterk aanbeveling: Afrikaans en Engels as skoolvakke | Na 'n verdere twee jaar van internskap én 'n gemeenskapsdiensjaar kan jy as Onafhanklike Mediese Praktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika registreer. |

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **B in Arbeidsterapie**<br>4 jaar<br><br>±50 kandidate word gekeur. Voltooi en lewer *Nieakademiesemerietevorm* met aansoek teen 30 Junie in. | • Skryf die NNT's AQL en MAT teen einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 50%<br>• Wiskunde 40%<br>• Lewenswetenskappe 50%<br>• Sterk aanbeveling: Afrikaans en Fisiese Wetenskappe as skoolvakke | Na 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Arbeidsterapeut by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika registreer. |
| **BSc in Dieetkunde**<br>4 jaar<br><br>±35 kandidate word gekeur. Voltooi en lewer *Nieakademiesemerietevorm* met aansoek teen 30 Junie in. Lewer *Kliniesebesoekvorm vir Dieetkunde* teen 31 Julie in. | • Skryf die NNT's AQL en MAT teen einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 50%<br>• Wiskunde 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br>• Lewenswetenskappe 50%<br>• Sterk aanbeveling: Afrikaans as skoolvak | Na 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Dieetkundige by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika registreer |
| **BSc in Fisioterapie**<br>4 jaar<br><br>±55 kandidate word gekeur. Voltooi en lewer *Nieakademiesemerietevorm* met aansoek teen 30 Junie in. Word ook as 'n verlengde graadprogram aangebied (kyk bl. 4). | • Skryf die NNT's AQL en MAT teen einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60%<br>• Wiskunde 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br>• Lewenswetenskappe 50%<br>• Sterk aanbeveling: Afrikaans as skoolvak | Na 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Fisioterapeut by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika registreer. |
| **B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie**<br>4 jaar<br><br>±30 kandidate word gekeur. Voltooi en lewer *Nieakademiesemerietevorm* met aansoek teen 30 Junie in. Lewer *Kliniesebesoekvorm vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie* teen 31 Julie in. | • Skryf die NNT AQL teen einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60%<br>• Ten minste TWEE van die volgende DRIE tale (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 60%: Engels EN/OF Afrikaans EN/OF 'n derde taal<br>• Fisiese Wetenskappe OF Lewenswetenskappe 50% | Na 'n verdere gemeenskapsdiensjaar kan jy as Spraak-taalterapeut by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika registreer. |

# FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Die BIng-programme is deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) geakkrediteer vir registrasie van gegradueerdes as Professionele Ingenieurs, ná verwerwing van toepaslike ondervinding in die praktyk.

### Onderrigtaal

Alle voorgraadse modules, behalwe vir enkele keusemodules, word in Afrikaans en Engels aangebied (parallelle sessies of intydse tolking). Alle toets- en eksamenvraestelle en werksopdragte word in beide Afrikaans en Engels opgestel en studente mag enige vraestel of opdrag in Afrikaans of Engels beantwoord.

### Minimum toelatingsvereistes vir die vierjaarprogram

- Skryf die NNT's AQL en MAT
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 70%
- Wiskunde 70%
- Fisiese Wetenskappe 60%
- Engels Huistaal 40% OF
  Engels Eerste Addisionele Taal 60% OF

Engels Eerste Addisionele Taal 50% SAAM MET óf Afrikaans Huistaal 40% óf Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%

- Afgesien van bostaande vereistes, word aansoekers ook volgens keuringskriteria gekeur.

**Keuringskriteria vir die vierjaarprogram**

Volgens die Fakulteit se keuringsriglyne (kyk www.maties.com) word jou keuringstelling met die punte (uit 100) vir jou graad 11-vakke (vir voorwaardelike keuring) of graad 12-vakke (vir finale keuring) soos volg bereken:
Wiskunde-persentasie + Fisiese Wetenskappe-persentasie + (6 x Matriekgemiddelde)
Die Matriekgemiddelde is die gemiddelde van jou ses beste vakke, uitgesonderd Lewensoriëntering. Die hoogste telling moontlik is 800. Let daarop dat Wiskunde en Fisiese Wetenskappe normaalweg ook in die gemiddeld ingereken word.

Oor die afgelope paar jaar het ’n keuringstelling van 600 of meer aan ’n student ’n goeie kans op toelating in sommige programme gegee, maar in ander programme was 630 of meer nodig. Anders gestel, as jou Wiskundepunt en gemiddelde bo 76 en jou punt vir Fisiese Wetenskappe bo 65 is, gee dit jou ’n redelike kans op keuring vir sommige programme, maar vir ander programme sal ‘n Wiskundepunt en gemiddeld van ten minste 80, saam met ‘n Fisiese Wetenskappe-punt van ten minste 70 nodig wees.

**Verlengde graadprogram (VGP)**

’n Beperkte aantal aansoekers wat nie aan die minimum toelatingsvereistes en keuringskriteria vir die vierjaarprogram voldoen nie, sal vir die verlengde graadprogram oorweeg word. Die VGP behels een ekstra jaar van studie.

| Programme | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|
| **BIng (Bedryfs)**<br>4 jaar<br>VGP 5 jaar | Bedryfsingenieurs ontwerp, implementeer, bedryf, verbeter en bestuur tegnologiese stelsels om ondernemings meer mededingend te maak. Dié stelsels bestaan gewoonlik uit mense, toerusting, inligting, kapitaal, prosesse en prosedures. Bedryfsingenieurs verbeter die gehalte, produktiwiteit en koste-doeltreffendheid van hierdie elemente deur optimering. |
| **BIng (Chemies)**<br>4 jaar<br>VGP 5 jaar | Chemiese en mineraalprosesseringsingenieurs is gemoeid met al die prosesse vir die vervaardiging van chemikalieë en ander verbruiksgoedere sowel as die ekstraksie van minerale op industriële skaal. Hulle beklee beroepe in bedrywe soos die chemiese industrie, myne en metallurgiese aanlegte, vervaardigingsaanlegte, die voedselbedryf, farmaseutiese, biotegnologiese en navorsingsinstansies. |
| **BIng (Elektries en Elektronies)**<br>4 jaar<br>VGP 5 jaar | Elektriese en elektroniese ingenieurs fokus op die aanwending van elektriese energie in bedrywe soos elektrisiteitsvoorsiening, fabrieke en chemiese aanlegte, myne, munisipaliteite, spoorweë en hawens. Hulle werk ook byvoorbeeld waar elektroniese inligtingstelsels, soos rekenaars, mikroverwerkers en rekenaarnetwerke, telefone, selfoonnetwerke, televisie, satellietstelsels, radar en outomatiese vlugstelsels gebruik en ontwikkel word. |
| **BIng (Meganies)**<br>4 jaar<br>VGP 5jaar | Meganiese ingenieurs ontwerp, ontwikkel en vervaardig masjinerie, strukture, aanlegte en produkte. Hulle werk in groot ondernemings sowel as kleiner konsultasievennootskappe en ondernemings. Verder speel meganiese ingenieurs ’n sleutelrol in die ontwikkeling, bestuur en onderhoud van stelsels soos kragstasies, vliegtuie, voertuie, prosesaanlegte en vervaardigingsaanlegte. |
| **BIng (Megatronies)**<br>4 jaar<br>VGP 5 jaar | Megatroniese ingenieurs ontwerp toestelle wat uit rekenaar-, elektroniese en meganiese komponente bestaan, bv. deur masjienonderdele, sensors en aktueerders te integreer en dan met rekenaarstelsels te beheer. Voorbeelde hiervan is mediese toestelle, kunsharte, geoutomatiseerde vervaardigingstoerusting en enjinbeheerders. |
| **BIng (Siviel)**<br>4 jaar<br>VGP 5 jaar | Siviele ingenieurs is betrokke by die ontwerp, konstruksie en instandhouding van ekonomiese, residensiële en sosiale infrastruktuur, bv. brûe, damme, hawens, hidroëlektriese-, son-, steenkool- en windturbinekragsentrales, lughawens, myne, paaie, spoorlyne, woon- en kantoorgeboue, hospitale en skole. |

# FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Hierdie programme, wat toegespits is op nasionale sekerheid en verdediging, word vir *gekeurde offisiere van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) en ander weermagte* aangebied. Elke kandidaat kies 'n program in ooreenstemming met die loopbaanontwikkelingsplan wat vir hom/haar as individu opgestel is. 'n Aanbeveling van die Militêre Akademie Keurraad wat die toelatingsvereistes soos bepaal deur die Universiteit en die SANW in ag neem, word vereis vir al die ondergenoemde programme.

**Onderrigtaal:** Engels.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes |
|---|---|
| **BMil in Menslike en Organisasie-ontwikkeling**<br>3 jaar | • 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van universiteitstoelatingsvakke (kyk bladsy 1)<br>• Afrikaans OF Engels 50% |
| **BMil in Organisasie- en Hulp-bronbestuur**<br>3 jaar | • 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van universiteitstoelatingsvakke (kyk bladsy 1)<br>• Afrikaans OF Engels 50%<br>• Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 60% |
| **BMil in Tegnologie**<br>3 jaar | • 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van universiteitstoelatingsvakke (kyk bladsy 1)<br>• Afrikaans OF Engels 50%<br>• Wiskunde 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50% |
| **BMil in Tegnologie en Verdedigingsbestuur**<br>3 jaar | • 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van universiteitstoelatingsvakke (kyk bladsy 1)<br>• Afrikaans OF Engels 50%<br>• Wiskunde 40%<br>• Fisiese Wetenskappe 40% |
| **BMil in Veiligheid- en Afrikastudie**<br>3 jaar | • 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met minstens 50% in elk van vier skoolvakke uit die lys van universiteitstoelatingsvakke (kyk bladsy 1)<br>• Afrikaans OF Engels 50%<br><br>*Indien jy Ekonomie as vak op universiteit neem:*<br>• Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 60% |

# FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

**Onderrigtaal:** Klasse word meestal tweetalig in Afrikaans en Engels (T-spesifikasie) aangebied. In ons Jaarboek spesifiseer ons die onderrigtaal per module.

### Algemene minimum toelatingsvereistes

- Skryf die NNT's AQL
- 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)
- Kyk verdere minimum toelatingsvereistes by die programme hieronder
- Kyk ook die Fakulteit se keuringsriglyne op www.maties.com onder "Toelating"

### ALGEMENE GRAADPROGRAMME

Ons algemene programme gee jou 'n breë agtergrond vir verskeie beroepe in verbandhoudende velde.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BA in Geesteswetenskappe#**<br>3 jaar<br><br>Bane:<br>- Die mens se denke, taal, kultuur en kuns<br>- Die mens en die samelewing | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br><br>*Indien jy Sosio-Informatika as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 70% | Jy kan kies uit 'n groot aantal vakke wat fokus op een van die twee bane. Nagraadse opleiding kan lei tot beroepe as onderwyser, sielkundige, taalpraktisyn, joernalis, stads- en streekbeplanner. |
| **BA in Sosiale Dinamika#**<br>3 jaar | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br><br>*Indien jy Sosio-Informatika as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 70%<br><br>*Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 60% | Vakke soos Ekonomie, Geografie en Omgewingstudie, Geskiedenis, Politieke Wetenskap, Sielkunde, Sosiale Antropologie en Sosiologie kan met nagraadse studie lei tot 'n loopbaan in sielkunde, beplanning, media, onderwys en opleiding, skakeling, politiek, bestuur, navorsing, beleidsanalise en konsultasie. |
| **BA in Taal en Kultuur#**<br>3 jaar | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40% | Loopbane in die taal- en kultuurprofessies, diplomatieke diens, onderwys, uitgewersberoep, advertensiewese, toerisme, joernalistiek en die vertalingsbedryf. |

### GESPESIALISEERDE GRAADPROGRAMME

Ons gespesialiseerde programme is op spesifieke beroepe gerig.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BA in Drama- en Teaterstudie**<br>3 jaar<br><br>Bane:<br>- Toneelspel en *performance*-opleiding<br>- Tegniese en bestuursopleiding<br><br>Keuringsvereistes en werkopdrag beskikbaar by www.maties.com onder "Wat kan ek studeer?" en "Lettere en Sosiale Wetenskappe" of by amm@sun.ac.za. Lewer persoonlike inligting en geskrewe werkopdrag in teen 15 Augustus. | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 50%<br>• Kandidate moet einde September beskikbaar wees vir 'n oudisie en/of onderhoud by die Dramadepartement in Stellenbosch | Hierdie kwalifikasie berei jou voor vir 'n loopbaan in die teater- en mediabedryf en gee jou toegang tot verwante terreine soos skakel- en bemarkingswese, onderwys en kultuursake. |

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
| --- | --- | --- |
| **BA in Internasionale Studie#**<br>3 jaar | • Engels Huistaal 50% OF Engels Eerste Addisionele Taal 60% | Diplomatieke diens, parlement, nasionale intelligensie-agentskap, toerismebedryf, internasionale joernalistiek, skakelwese, invoer- en uitvoerbedryf, bevordering van handel en investering (bv. Wesgro), wêreld-organisasies (Verenigde Nasies, Amnesty International, World Economic Forum). |
| **B in Maatskaplike Werk#**<br>4 jaar | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40% | Maatskaplike werker by staatsdepartemente, niewinsgewende organisasies, fasiliteite vir mense met spesiale behoeftes, skole, hospitale, in die bedryfsopset en as privaat praktisyns. Kan ook internasionaal praktiseer. |
| **BA in Menslike Hulpbron-bestuur#**<br>3 jaar | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br>• Wiskunde 50%<br><br>*Indien jy Statistiek as universiteitsvak wil neem, dan:*<br>• Wiskunde 60% | Opleidingsbestuurder, menslikehulpbronbestuurder, psigometris, bestuurskonsultant, arbeidsverhoudingpraktisyn. Lei tot nagraadse studie in Menslikehulpbronbestuur of Bedryfsielkunde. |
| **B in Musiek (BMus)**<br>4 jaar<br><br>Keuring op grond van die Dept. Musiek se oudisie en teoretiese toets, waartydens kandidate bewys van die vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by mdn@sun.ac.za. | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br>• In die hoofinstrument (of sang) minstens ’n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringsliggame se Graad V-eksamen<br><br>*Indien jy Wiskunde as universiteits-vak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 70% | Musiekonderwyser, uitvoerende kunstenaar, begeleier, musiekregisseur, dosent, musiekwetenskaplike, komponis of dirigent. Musiekverwante beroepe soos joernalis, ’n verwerker van musiek of musiektegnoloog. Kan nagraads spesialiseer in Musiekopvoeding, Uitvoering, Kamermusiek/Begeleiding, Solosang/Solospel, Musiekwetenskap, Komposisie, Musiektegnologie, Etnomusikologie of Koorleiding. |
| **BA in Musiek**<br>3 jaar<br><br>Keuring op grond van die Dept. Musiek se oudisie en teoretiese toets, waartydens kandidate bewys van vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by mdn@sun.ac.za. | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br>• In die hoofinstrument (of sang) minstens ’n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringsliggame se Graad V-eksamen<br><br>*Indien jy Wiskunde as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 70% | Privaat musiekonderwyser, uitvoerende kunstenaar, begeleier, musiekregisseur, dosent, musiekwetenskaplike, komponis, koordirigent, musiekjoernalis, musiekterapeut, of hoërskoolonderwyser. Nagraadse studie in jou gekose hoofvak ontsluit verdere moontlikhede. |

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **Diploma in Praktiese Musiek**<br>3 jaar<br><br>Keuring op grond van die Dept. Musiek se oudisie en teoretiese toets, waartydens kandidate bewys van vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie en toets wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by mdn@sun.ac.za | • Skryf nie die Nasionale Normtoetse<br>• ’n Nasionale Senior Sertifikaat met minstens 40% in elk van vier skoolvakke (uitgesonderd Lewensoriëntering)<br>• In die hoofinstrument (of sang) minstens ’n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad VII-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringliggame se Graad III/IV-eksamen | Instrumentale of sangonderwyser, dirigent, kerkorrelis, uitvoerende kunstenaar of orkesspeler. |
| **Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek**<br>1 jaar<br><br>Keuring op grond van die Dept. Musiek se oudisie, waartydens kandidate bewys van vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by mdn@sun.ac.za. | • Diploma in Praktiese Musiek met Musiekstudie S 221 en 261 | Uitvoerende kunstenaar, begeleier, musiekonderwyser of dirigent. Studie kan lei tot BMus met spesialisasie in Musiekopvoeding, Uitvoering in Kamermusiek of Begeleiding, Solosang of Solospel, Musiekwetenskap, Komposisie, Musiektegnologie, Kerkmusiek, Etnomusikologie of Koorleiding. |
| **Hoër Sertifikaat in Musiek**<br>1 jaar<br><br>Keuring op grond van die Dept. Musiek se oudisie en teoretiese toets, waartydens kandidate bewys van vereiste standaarde moet lewer. Ons stuur inligting oor die oudisie wanneer ons jou aansoek ontvang. Meer inligting by mdn@sun.ac.za. | • Skryf nie die Nasionale Normtoetse<br>• ’n Nasionale Senior Sertifikaat<br>• In die hoofinstrument (of sang) minstens ’n praktiese standaard in klassieke musiek gelykstaande aan die Graad V/VI-eksamen en teoretiese kennis gelykstaande aan enige van die musiekeksamineringliggame se Graad III/IV-eksamen | Jy kan ’n bydrae lewer tot musiekprojekte in die gemeenskap. Hierdie kwalifikasie kan jou voorberei vir die Diploma in Praktiese Musiek of een van die musiekgraadprogramme, mits jy aan al die toelatingsvereistes voldoen. |
| **BA in Ontwikkeling en Omgewing#**<br>3 jaar | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br><br>*Indien jy Sosio-Informatika as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 50% OF Wiskundige Geletterdheid 70%<br><br>*Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 60% | Loopbane in gemeenskapsontwikkeling, bevolkingsontwikkeling, stads- en streekbeplanning, toerisme, hulpbronbestuur en omgewingsbeplanning in die openbare en privaat sektore. |
| **BA in Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studie (PPE)**<br>3 jaar | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br>• Wiskunde 60% | Bestuurder, joernalis, besigheids- of belegginsanalis, entrepreneur, diplomaat, staatsamptenaar, navorser, konsultant of akademikus. |
| **BA in Regsgeleerdheid** | Kyk by Fakulteit Regsgeleerdheid. | |

| | | |
|---|---|---|
| **BA in Sosio-Informatika#**<br>3 jaar | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br>• Wiskunde 60%<br><br>*Indien jy Wiskunde as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 70% | Kennisingenieur, besigheidsanalis, projekbestuurder, internetontwikkelaar, korporatiewe informasiesisteem-argitek, kennisbestuurder, elektroniese besigheidspesialis, databasisbestuurder en analis in besluitnemingsteundienste. |
| **BA in Sportwetenskap**<br>3 jaar<br><br>Plek vir 80 studente. Vul die Departement Sportwetenskap se keuringsvraelys en mediesegeskiedenis-vorm in (beskikbaar by www.maties.com onder "Wat kan ek studeer" en "Lettere en Sosiale Wetenskappe" of by 021 808 9111) en lewer saam met jou aansoek om toelating in. | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br>• Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 70%<br>• Fisiese Wetenskappe 40% OF Lewenswetenskappe 50%<br>• Bywoning van en deelname aan sportpraktika is verpligtend | Sportafrigting, rekreasieleierskap, sportadministrasie, sportbemarking, sportbestuur, werk met mense met gestremdhede, fiksheidsindustrie, biokinetika (na voltooiing van honneursgraad en internskap), sportnavorsing en onderwys (liggaamlike opvoeding). Sportwetenskap kan met Geografie en Omgewingstudie, Sielkunde, Afrikaans en Nederlands of *English Studies* gekombineer word. |
| **BA in Visuele Kunste**<br>4 jaar<br><br>Lewer portefeulje in teen 30 September. Inligting by www.maties.com onder "Wat kan ek studeer" en "Lettere en Sosiale Wetenskappe" of soggens by 021 808 2508.<br><br>Bane:<br>- Juweliersware- en metaalontwerp<br>- Skone kunste<br>- Visuele kommunikasie-ontwerp | • Huistaal 50%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br>• Keuring op grond van 'n voorgeskrewe portefeulje kunswerke | Professionele kunstenaar, kunsonderwyser, grafiese ontwerper, illustreerder, juweliersware-ontwerper en -vervaardiger, kunskritikus of kunsteoretikus. Verwante beroepe: verhoogontwerper, boekontwerper, kurator, museum en kunsgalerykurator, kunshandelaar, kunsentrepreneur, gemmoloog, tegniese produksiewese (beeldhou, sweis, gietwerk, litografie) en velde soos filmproduksie, kunsdireksie, fotografie, advertensiewese. |
| **# Verlengde Graadprogramme**<br>4 jaar<br><br>Alle programme met 'n # gemerk word ook as verlengde graadprogramme aangebied. | Aansoekers word vir die VGP's gekeur volgens die oordeel van die Fakulteit. Kyk "Akademiese steun..." op bladsy 4. | *Beroepsmoontlikhede soos vir die onderskeie programme hierbo beskryf.* |

# FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Studente word aangemoedig om hulle driejarige BSc-studie op te volg met 'n honneursgraad, wat hulle in staat stel om erkenning en registrasie (waar van toepassing) as professionele wetenskaplikes te bekom.

## Keuring

- Aansoekers vir ons studieprogramme is onderworpe aan keuring (keuringsriglyne by www.maties.com onder "Toelating") op grond van vasgestelde minimum toelatingsvereistes en die getal studente wat per program geakkommodeer kan word.
- Die minimum vereistes vir keuring is 'n keuringspunt van 65% en programspesifieke vereistes vir Wiskunde en Fisiese Wetenskappe.
- Ons gebruik jou finale graad 11-punte om oor voorwaardelike keuring te besluit. (Voorwaardelike keuring beteken dat jy gekeur word op voorwaarde dat jou NSS- of gelykstaande skooleindeksamenuitslae steeds aan jou program se vereistes voldoen. Eers dan kwalifiseer jy finaal vir toelating.) As jy egter aansoek doen nadat jy reeds graad 12 geslaag het, word jou NSS- of gelykstaande skooleindeksamenuitslae gebruik om jou keuringspunt te bereken en kan jy finale toelating kry.

**Keuringspunt:** (beste taalpunt + (Wiskunde x 2) + vak 1 + vak 2 + vak 3 + vak 4) ÷ 7 (Lewensoriëntering uitgesluit)

- Indien jou program die vak Fisiese Wetenskappe vereis, moet dit by hierdie formule ingesluit word.
- Kyk "Verlenge graadprogramme" verderaan.

**Nota oor toelatingsvereiste vir Wiskunde**

Die Wiskundevereiste hang af van jou vakkeuse (leerplan) op universiteit.
*Indien jy Wiskunde en Fisika as universiteitsvakke neem:* • Wiskunde 70%
*Indien jy Wiskunde (Bio) en Fisika (Bio) as universiteitsvakke neem:* • Wiskunde 60%

## PROGRAMME IN BIOLOGIESE WETENSKAPPE

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BSc in Biodiversiteit en Ekologie**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br>• Wiskunde 60% | Bioloog, ekoloog, omgewings-konsultant, onderwyser*, navorser, omgewings-impakkundige, plantspesialis, bewaringswetenskaplike, omgewingsopvoedkundige. |
| **BSc in Menslike Lewenswetenskappe**<br>3 jaar<br><br>Strome:<br>- Biologie<br>- Biologie met sielkunde | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br><br>EN<br><br>*Vir die stroom Biologie:*<br>• Wiskunde 60% OF 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota bo)<br><br>OF<br><br>*Vir die stroom Biologie met* Sielkunde:<br>• Wiskunde 60% | Fisioloog, biochemikus, genetikus of sielkundige (met die nodige nagraadse kwalifikasie) mediese verteenwoordiger, laboratoriumanalis, onderwyser*, stamselnavorser, antropometris. |
| **BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br>• Wiskunde 60% OF 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota bo) | Forensiese deskundige, onderwyser*, biobrandstof-ontwikkelaar, waterkundige, genetikus. Mikrobioloë, biochemici, en biotegnoloë werk met menslike, dier- en plantselle, giste, bakterieë, fungi en virusse om siektevrye gewasse, nuwe medisynes, of ensieme van nut vir nywerhede of die mynbousektor te ontwikkel. |
| **BSc in Sportwetenskap**<br>3 jaar<br><br>Keuringsvorms vir mediese en fisieke geskiktheid vir hierdie program is verkrygbaar by www.maties.com onder "Wat kan ek studeer?" en "Natuurwetenskappe", of carienjvr@sun.ac.za of 021 808 4723. | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br>• Wiskunde 60% | Sportafrigter, sportbestuurder, sportwetenskaplike, sportfisioloog, werk met persone met gestremdhede, fiksheidsdeskundige, biokinetikus (met die nodige nagraadse kwalifikasie), onderwyser*. |

*Afhangende van jou vakkeuse en met 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (bl. 22) kan jy die volgende skoolvakke aanbied: Lewenswetenskappe, Natuurwetenskappe, Wiskundige Geletterdheid of Lewensoriëntering.

## PROGRAMME IN FISIESE WETENSKAPPE

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BSc in Chemie**<br>3 jaar<br><br>Strome:<br>- Chemie en Polimeerwetenskap<br>- Chemiese Biologie<br>- Tekstiel- en Polimeerwetenskap | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 70%<br>• Fisiese Wetenskappe 50% | ***Polimeerchemikus, materiaalkundige:*** Beroepe in die verpakkings-, verf-, kleefmiddel- en tekstielindustrie, asook die vervaardigingsektor of verskaffers van rou materiale.<br>***Analitiese chemikus:*** Beplanning en bedryf van chemiese aanlegte, ontwikkeling van analitiese metodes en produksieprosesse, bemarking van chemikalieë en wetenskaplike instrumente, onderwyser in fisiese wetenskap, omgewingswetenskaplike.<br>***Organiese en biochemikus:*** Forensiese analis, vervaardigers van plaagdoders, farmaseutiese produkte, skoonheids- en reukmiddels, en chemici wat prosesse en die kwaliteit van grondstowwe en vervaardigde produkte moet beheer.<br>***Beroepe in tekstielbedryf:*** Produkontwikkelaar (bv. hipertegnologieprodukte, prostese, sportdrag en -toerusting, beskermende klere), tekstielwetenkaplike (mediese tekstiele, industriële tekstiele, mikrovesels, nanovesels), tegniese verkoopsbestuurder, produksie-bestuurder, kwaliteitsbestuurder, aankoper, navorser. |
| **BSc in Fisika**<br>3 jaar<br><br>Strome:<br>- Laserfisika (Fisiese), Kernfisika, Stralings- en Gesondheids-fisika<br>- Laserfisika (Biologiese)<br>- Teoretiese Fisika | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 70%<br>• Fisiese Wetenskappe 50% | ***Kernfisikus:*** Navorsingsgeleenthede by die versnellersentrum iThemba LABS en nywerhede soos Eskom, WNNR, Sasol, SABS.<br>***Laserfisikus:*** Werk in industrieë, bv. optiese stelsels, kommunikasie (optiese vesels), geneeskunde, ekologie (besoedelingsmonitering), kriminologie (forensiese wetenskap),verdediging (beheer en kommunikasie).<br>***Stralingsfisikus:*** Monitering van stralingsgevare vir die Departement van Gesondheid, kernkragsentrales, myne.<br>*Teoretiese fisikus:* Werksgeleenthede in die breë sektors van informasie-tegnologie, geologie, biologiese en ekonomiese wetenskappe. |
| **BSc in Aardweten-skap**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br>• Wiskunde 60% OF 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota bl. 19) | Geoloog, mynboukundige, omgewingsrehabilitasie-kundige, onderwyser* in fisiese wetenskappe of geografie, eksplorasiekonsultant, omgewingsgeochemikus, hidroloog, seismoloog, gesteentekenner, mariene geoloog, toegepaste mineraloog, vulkanoloog, geofisikus. |
| **BSc in GeoInformatika**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OF Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 60% OF 70% (afhangende van jou vakkeuse – sien nota bl. 19)<br>• Fisiese Wetenskappe 50% | GIS- (Geografiese Inligtingstelsels) en aardwaarne-mingspesialiste (afstandwaarneming) werk vir omge-wingskonsultgroepe, beplannings- en ingenieursfirmas, programmatuurontwikkeling- en rekenaarkonsultgroepe op alle vlakke van regering gemoeid met hulpbron- en infrastruktuurbestuur, agentskappe betrokke by natuurlike hulpbronontwikkeling en menslike ontwikkelingsprogramme, eksplorasie van minerale en mynwese. 'n HonsBSc-jaar by voldoen aan die vereistes vir professionele registrasie as 'n Geografiese Inligtingswetenskaplike (GIW). Onderwyser*. |

*Afhangende van jou vakkeuse en met 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat kan jy die volgende skoolvakke aanbied: Fisiese Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Geografie of Inligtingstegnologie.

## PROGRAM IN WISKUNDIGE WETENSKAPPE

| Program | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BSc in Wiskundige Wetenskappe**<br>3 jaar<br><br>Strome:<br>- Abstrakte Wiskunde<br>- Biowiskunde<br>Opsie 1: met Molekulêre Biologie<br>Opsie 2: met Ekologie<br>- Finansiële Wiskunde<br>- Operasionele Navorsing<br>- Rekenaarwetenskap<br>- Toegepaste Wiskunde<br>- Wiskunde<br>- Wiskundige Statistiek | • Skryf die NNT's AQL en MAT<br>• Afrikaans OR Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br>• Wiskunde 70%<br><br>EN<br><br>*Indien jy Chemie of Fisika as universiteitsvak wil neem:*<br>• Fisiese Wetenskappe 50%<br><br>OF<br><br>*Vir die stroom Biowiskunde:*<br>• Fisiese Wetenskappe 50% | Die stroom wat jy kies bepaal jou beroep. Afhangende van jou vakkeuse en met 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (bl. 22) kan jy onderwys gee in die volgende skoolvakke: Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe of Inligtingstegnologie.<br>***Abstrakte wiskunde:*** Dosent, navorser in interdissiplinêre wetenskaplike velde wat meer steun op strukturele wiskunde as analitiese wiskunde.<br>***Biowiskunde:*** Biowiskundiges werk vir farmaseutiese maatskappye, die regering, gesondheidsorganisasies, die landbou- en omgewingsektor of as navorser op die gebied van molekulêre biologie, sisteembiologie, bioinformatika en ekologie.<br>***Finansiële wiskunde:*** Beroepsgeleenthede in die bankwese, versekeringswese en by beleggingsinstansies.<br>***Operasionele navorsing:*** Konsultant vir konsultasie-ondernemings of die industrie, proses- of stelseloptimeerder, logistieke kenner in die vervoer- en voorsieningsektore, projekontwikkelaar, beplanner, navorser, besigheidsanalis, ook toepassingsmoontlikhede in maatskappyboerdery, mynbou, bosbou, vervaardigingsektor, produkbemarking.<br>***Rekenaarwetenskap:*** Programmeerder, stelselontwerper, sagtewareontwikkelaar in sekuriteitsbedryf en bankwese, netwerkspesialis, ontwerper van mobiele toepassings vir slimfone en tablette, 3D-animeerder vir filmindustrie, inligtingstegnologie-onderwyser.<br>***Toegepaste Wiskunde:*** Raadgewer vir ingenieursbedryf, programmeerder, kundige in modellering van dinamiese prosesse, beeldverwerking, numeriese metodes en vloeimodellering in nywerheid, bankwese of rekenaarbedryf.<br>***Wiskunde:*** loopbane wat gesofistikeerde kwantitatiewe vaardighede benodig, soos in die bank-, versekerings- en beleggingswese, wiskunde-onderwyser.<br>***Wiskundige statistiek:*** Ontleed en interpreteer inligtingsdata vir bank- en versekeringswese, statistikus, akademikus. |

## VERLENGDE GRAADPROGRAMME

| | | |
|---|---|---|
| Al bogenoemde BSc-programme word ook as verlengde programme (VGP) aangebied, wat een bykomende studiejaar behels. Kyk "Akademiese steun..." bl. 4 of kontak Wilma Wagener by ww@sun.ac.za of 021 808 3063. | • Toelatingsvereistes soos vir elke BSc-program<br>• Indien jy reeds voorwaardelik toegelaat is tot 'n BSc-program, maar jou finale matriekuitslae voldoen aan **slegs één** van die minimum toelatingsvereistes vir die program **nie**, kan jy 'n versoek rig (telefonies of per e-pos) om oorweeg te word vir die VGP<br>• Plekke is beperk; sosio-ekonomies benadeelde kandidate kry voorkeur | *Beroepsmoontlikhede soos vir elke program hierbo genoem.* |

# FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

**Onderrigtaal:** Klasse word meestal tweetalig in Afrikaans en Engels aangebied. Kyk ons Jaarboek, Deel 6, waar ons die onderrigtaal per module spesifiseer.
**Keuring:** Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes vir die BEd-program voldoen, word volgens die Fakulteit se keuringsriglyne (kyk www.maties.com onder "Toelating") gekeur.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BEd (Algemene Onderwys)**<br>4 jaar<br><br>Hierdie program is hersien en aan die Departement van Onderwys vir goedekeuring voorgelê met die oog op moontlike aanbieding vanaf 2017. Kyk gerus www.maties.com onder "Wat kan ek studeer?" en "Opvoedkunde" vir meer inligting hieroor.<br><br>Spesialiseringsrigtings:<br>- Grondslagfase (Graad R tot 3)<br>- Intermediêre Fase (Graad 4 tot 7)<br><br>Ons raai jou aan om van die volgende vakke op skool te neem: Geografie, Besigheidstudies, Ekonomie, Fisiese Wetenskappe, Wiskunde, Geskiedenis, Inligtingstegnologie, Lewenswetenskappe, Rekenaartoepassingstegnologie, Rekeningkunde en Religiestudies. | • Skryf die NNT's AQL<br>• 'n Gemiddeld van minstens 55% vir die NSS of IEB (sonder Lewensoriëntering)<br>• Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 60%<br><br>EN<br><br>*Leerders wat in Afrikaans skoolgegaan het:*<br>• Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 60%<br>• Engels OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%<br><br>OF<br><br>*Leerders wat in Engels skoolgegaan het:*<br>• Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 60%<br>• Afrikaans OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50% | Afhangende van jou spesialiseringsrigting, onderwyser vir graad R tot 3 of vir graad 4 tot 7.<br><br>Met verdere nagraadse opleiding kan jy 'n remediërende onderwyser (HonsBEd en MEd in Opvoedkundige Ondersteuning) of 'n opvoedkundige sielkundige (MEd (Psig)) word. Of jy kan spesialiseer in Kurrikulumontwikkeling, Skoolbestuur of Opvoedingsbeleid (MEd). |
| **Nagraadse Onderwyssertifikaat**<br>1 jaar<br><br>Spesialisering:<br>- Verdere Onderwys- en Opleidingfase (VOO) | • 'n Graad uit enige ander fakulteit met een of twee vakke waarin jy kan skoolhou. Kyk Jaarboek Deel 6 by www.maties.com vir kurrikulumstudiespesialiserings (skoolvakke) se vereistes. | Onderwyser in twee vakke (of in een vak met bykomende studie in dié vak). |

# FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

**Onderrigtaal:** Klasse word meestal tweetalig in Afrikaans en Engels aangebied. Kyk ons Jaarboek, Deel 8, waar ons die onderrigtaal per module spesifiseer.
**Keuring:** Aansoekers wat aan die minimum vereistes vir 'n program voldoen, word volgens die Fakulteit se keuringsriglyne (kyk www.maties.com onder "Toelating") gekeur.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **LLB (vierjarig)**<br>4 jaar<br><br>Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen. | • Skryf die NNT's AQL voor einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% in ses vakke (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans of Engels Huistaal 60% OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%<br><br>*Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 60% | Stel jou in staat om as prokureur of advokaat te praktiseer, of as regsadviseur op te tree, nadat jy die vereiste praktiese opleiding ondergaan en die toepaslike toelatingseksamen geslaag het. |
| **LLB (driejarig)**<br>3 jaar<br><br>Nagraads as tweede B-graad | • Enige B-graad van 'n Suid-Afrikaanse Universiteit met 'n gemiddelde van minstens 60% in die finale jaar | Loopbaan in die regte, bv. advokaat of prokureur, nadat jy die vereiste praktiese opleiding ondergaan en die toepaslike toelatingseksamen geslaag het. |
| **BA (Regsgeleerdheid)**<br>3 jaar<br><br>Indien jy 'n universiteitsvak uit 'n ander fakulteit wil neem, maak seker dat jy aan sy minimum toelatingsvereistes voldoen. | • Skryf die NNT's AQL voor einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans OF Engels Huistaal 60%<br>• Eerste Addisionele Taal 40%<br><br>*Indien jy Ekonomie as universiteitsvak wil neem, dan ook:*<br>• Wiskunde 60% | Stel jou in staat om na die voltooiing van die LLB-program ('n verdere 2 jaar nagraadse studie) die klerkskap of pupilskap te doen om onderskeidelik as prokureur of advokaat te praktiseer of as regsadviseur op te tree. |
| **BCom (Regsgeleerdheid)**<br>3 jaar<br><br>*Interfakultêre program:* Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. | • Skryf die NNT's AQL en MAT voor einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans of Engels Huistaal 60% OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%<br>• Wiskunde 60% | Gee jou die nodige agtergrond vir 'n loopbaan in die sakewêreld en in die kommersiële reg. Stel jou in staat om ná die voltooiing van die LLB-program ('n verdere 2 jaar nagraadse studie) die klerkskap of pupilskap te doen om onderskeidelik as prokureur of advokaat te praktiseer. |
| **BRekLLB**<br>5 jaar<br><br>*Interfakultêre program:* Jy neem modules uit die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. | • Skryf die NNT's AQL en MAT voor einde Junie<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 70% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Afrikaans of Engels Huistaal 60% OF Engels of Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%<br>• Wiskunde 70% OF Wiskunde 60% en Rekeningkunde 70% | Die BRekLLB graad is 'n unieke graad, wat in effek uit 2 grade bestaan. Die LLB stel jou in staat om 'n klerkskap of pupilskap te doen om onderskeidelik 'n prokureur of advokaat te word. Die BRek gee jou toegang tot 'n Honneurs in Rekeningkunde wat onder andere vereis word om 'n geoktrooieerde rekenmeester te word. |

# FAKULTEIT TEOLOGIE

**Onderrigtaal:** Tweetalig in Afrikaans én Engels in dieselfde kontakperiode met inagneming van die studente se taalvaardigheid.

| Programme | Minimum toelatingsvereistes | Beroepsmoontlikhede |
|---|---|---|
| **BTh (Baccalaureus in die Teologie)**<br>3 jaar | • Skryf die NNT's AQL<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• In vier universiteitstoelatingsvakke 50% (sien bladsy 1) | Jeugwerker, berader of gemeenskapswerker. |
| **BDiv (Baccalaureus Divinitatis)**<br>4 jaar | • Skryf die NNT's AQL<br>• 'n NSS-gemiddelde van minstens 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• In vier universiteitstoelatingsvakke 50% (sien bladsy 1) | Eerste stap in die opleiding van predikante. Om predikant te word in die NGK of die VGK, volg die BDiv op met die MDiv. NGK-kandidate verwerf ook die Nagraadse Diploma in Teologie (Christelike Bediening). Anglikaanse en Presbiteriaanse bedieningskandidate word deur die denominasie verder opgelei. |
| **Verlengde Graadprogramme**<br>+1 jaar<br><br>Kandidate vir die BTh en die BDiv kan vir 'n verlengde program in aanmerking kom, wat behels dat die eerste jaar se modules oor twee jaar versprei word. | • 'n NSS-gemiddelde van minstens 55% maar laer as 60% (sonder Lewensoriëntering)<br>• Onderhoud met Dekaan of 'n verteenwoordiger | *Soos vir die onderskeie programme hierbo.* |

## Indeks


| Fakulteite | bladsy |
|---|---|
| Fakulteit AgriWetenskappe | 5 |
| Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 7 |
| Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 11 |
| Fakulteit Ingenieurswese | 12 |
| Fakulteit Krygskunde | 14 |
| Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe | 15 |
| Fakulteit Natuurwetenskappe | 18 |
| Fakulteit Opvoedkunde | 22 |
| Fakulteit Regsgeleerdheid | 23 |
| Fakulteit Teologie | 24 |

| Studierigting en program | bladsy |
|---|---|
| **A** | |
| Aardwetenskap BSc | 20 |
| Abstrakte Wiskunde BSc | 21 |
| Afrikastudie Bmil | 14 |
| Agri-ondernemingsbestuur BAgricAdmin | 6 |
| Agronomie en weiding BAgric | 6 |
| Aktuariële wetenskap BCom | 10 |
| Arbeidsterapie B | 12 |
| **B** | |
| Bedryfsielkunde BCom | 11 |
| Bedryfsingenieurswese BIng | 13 |
| Beleggingsbestuur BCom | 11 |
| Bemarkingsbestuur BCom | 8 |
| Bestuursrekeningkunde BCom | 10 |
| Bestuurswetenskappe BCom | 8 |
| Bewaringsekologie BSc | 5 |
| Biodiversiteit en ekologie BSc | 19 |
| Biologie BSc | 19 |
| Biologie met sielkunde BSc | 19 |
| Biotegnologie BSc | 19 |
| Bio-wiskunde met ekologie BSc | 21 |
| Bio-wiskunde met molekulêre biologie BSc | 21 |
| Bosbou BScBosb | 5 |
| Bosbou- en natuurlike hulpbronwetenskappe BScBosb | 5 |
| **C** | |
| Chemie BSc | 20 |
| Chemie en polimeerwetenskap BSc | 20 |
| Chemiese biologie BSc | 20 |
| Chemiese ingenieurswese BIng | 13 |
| **D** | |
| Dieetkunde BSc | 12 |
| Diereproduksie BScAgric | 6 |
| Diereproduksiestelsels BScAgric | 5 |
| Drama- en teaterstudie BA | 15 |
| **E** | |
| Ekologie BSc | 19 |
| Ekonomie (ekonometrici) BCom | 9 |
| Ekonomie (ekonomiese en bestuurskonsultante) BCom | 9 |
| Ekonomie (finansiële sektor) BCom | 9 |
| Ekonomiese wetenskappe BCom | 9 |
| PPE BA | 17 |
| Elektriese ingenieurswese BIng | 13 |
| Elektroniese ingenieurswese BIng | 13 |
| Entomologie BSc | 5 |
| Entrepreneurskap en innovasie BCom | 8 |
| **F** | |
| Finansiële beplanning BCom | 11 |
| Finansiële bestuur BCom | 8 |
| Finansiële rekeningkunde BCom | 10 |
| Finansiële risikobestuur BCom | 9 |
| Finansiële wiskunde BSc | 21 |
| Fisika BSc | 20 |
| Fisioterapie BSc | 12 |
| **G** | |
| Geesteswetenskappe BA | 15 |
| Gehoorterapie B | 12 |
| Geoinformatika BSc | 20 |
| Gewasbeskerming en -teling BScAgric | 6 |
| Gewasproduksiestelsels BScAgric | 6 |
| Groenteverbouing BAgric | 6 |
| Grond- en waterbestuur BScAgric | 6 |
| Grondwetenskappe BScAgric | 6 |
| **H–J** | |
| Hout- en houtprodukkunde BScBosb | 5 |
| Hulpbronbestuur BMil | 14 |
| Informasiestelselbestuur BCom | 8 |
| Internasionale Besigheid BCom | 10 |
| Internasionale studie BA | 16 |
| Juweliersware- en metaalontwerp BA | 18 |
| **K** | |
| Kelderbestuur BAgic | 6 |
| Keldertegnologie BAgric | 6 |
| Kernfisika BSc | 20 |
| Komposisie BMus | 16 |
| Kuns BA | 16–17 |
| Kwantitatiewe bestuur BCom | 8 |
| **L** | |
| Landbou-ekonomie BCom | 8 |
| Landbou-ekonomie en -bestuur BAgricAdmin, BScAgric | 6 |
| Landbou-ekonomie met veekunde BScAgric | 5 |
| Landbou-ekonomiese analise BScAgric | 6 |
| Landbou-ekonomiese analise en -bestuur BScAgric | 6 |
| Landbouproduksie en -bestuur BAgric | 6 |
| Laserfisika BSc | 20 |
| Logistieke bestuur BCom | 8 |
| **M** | |
| Maatskaplike werk B | 16 |
| Medies MB,ChB | 11 |
| Meganiese ingenieurswese BIng | 13 |
| Megatroniese ingenieurswese BIng | 13 |
| Menslike en organisasie-ontwikkeling BMil | 14 |

Menslike hulpbronbestuur BCom 8
BA 16
Menslike lewenswetenskappe BSc 19
Molekulêre biologie BSc 19
Musiek BMus 16
BA 16
Diploma 15
Gevorderde Diploma 17
Hoër Sertifikaat 17
Musiekopvoedkunde BMus 16
Musiektegnologie BMus 16
Musiekwetenskap BMus 16

**O**

Onderwys: grondslagfase BEd 22
Intermediêre fase BEd 22
Verdere onderwys- en opleidingfase NOS 22
Ontwikkeling en omgewing BA 17
Openbare en ontwikkelingsbestuur BCom 8
Operasionele navorsing BCom 9
BSc 21
Organisasie- en hulpbronbestuur BMil 14
Organisasieontwikkeling BMil 14

**P**

Plant- en grondwetenskappe BScAgric 6
Politieke, filosofiese en ekonomiese studie (PPE) BA 17
Pomologie BAgric 6
Praktiese Musiek Diploma, Gevorderde diploma 17

**R**

Regsgeleerdheid BCom, BA, LLB, BRekLLB 23
Rekenaarwetenskap BCom 9, BSc 21
Rekeningkunde BRek 10
BRekLLB 23

**S**

Sielkunde as hoofvak in program:
Geesteswetenskappe BA 15
Maatskaplike werk B 16
Menslike Hulpbronbestuur BA 16
Menslike Lewenswetenskappe BSc 19
Musiek BA 16
Regsgeleerdheid BA 23
Sosiale Dinamika BA 15
Sportwetenskap BA 18
Siviele ingenieurswese BIng 13
Skone kunste BA 18
Sosiale dinamika BA 15
Sosio-informatika BA 18
Sportwetenskap BA 18
BSc 19
Spraak-taal- en gehoorterapie B 12
Stralings- en gesondheidsfisika BSc 20

**T**

Taal en kultuur BA 15
Teaterstudie BA 15
Tegniese en bestuursopleiding BA 15
Tegnologie BMil 14
Tegnologie en verdedigingsbestuur BMil 14
Tekstiel- en polimeerwetenskap BSc 20
Teologie BTh, BDiv 24
Teoretiese fisika BSc 20
Toegepaste wiskunde BSc 21
Toneelspel en performance-opleiding BA 15

**V**

Veekunde BScAgric 5
Veekunde met agronomie BScAgric 5
Veekunde met akwakultuur BScAgric 5
Veekunde met bewaringsekologie BScAgric 5
Veiligheid- en Afrikastudie BMil 14
Verdedigingsbestuur BMil 14
Vervoerekonomie BCom 9
Visuele kommunikasie-ontwerp BA 18
Visuele kunste BA 18
Voedselverwerkingsbestuur BScAgric 6
Voedselwetenskap BSc 7
Voorligting, landbou BAgric 6

**W**

Wingerd- en wynkunde BAgric 6
BScAgric 7
Wiskunde BSc 21
Wiskundige statistiek BCom 9
BSc 21
Wiskundige wetenskappe BCom 9
BSc 21
Wynkunde BAgric 6
BScAgric 7

# NOTAS

RAAK DEEL VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH SE DATABASIS
VIR VOORNEMENDE VOORGRAADSE STUDENTE

Om nuttige relevante inligting te ontvang, vul asseblief die vorm in.

*Naam ______________________________

*Van ______________________________

*Geboortedatum ______________________________

Posadres ______________________________

______________________________ Poskode ________

*Selfoon ______________________________

*E-pos ______________________________

Geslag ☐ Manlik ☐ Vroulik

Taal ☐ Afrikaans ☐ Engels

Bevolkingsgroep ☐ Bruin ☐ Indiër ☐ Swart ☐ Wit

*Skool ______________________________

Graad ☐ 9 ☐ 10 ☐ 11 ☐ 12

Vakke ☐ Wiskunde ☐ Fisiese Wetenskappe

Gemiddelde eindeksamenpersentasie

☐ Onder 50% ☐ 51-60% ☐ 61-70% ☐ 71-80% ☐ 80%+

*Waarin stel jy belang om te studeer?

☐ AgriWetenskappe ☐ Lettere en Sosiale Wetenskappe ☐ Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

☐ Opvoedkunde ☐ Ingenieurswese ☐ Regsgeleerdheid

☐ Natuurwetenskappe ☐ Teologie ☐ Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

**Stuur die ingevulde vorm terug aan**

e: maties@sun.ac.za | f: 021 808 4708

WWW.MATIES.COM

021 808 9111